

# FamilieTuisblad

5 - 11 Mei 2019



in samewerking  
met *nous.org.za*

## Handelinge 9: 36

In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help.

**fokus  
vers**

**TEMA**  
van die week

Diensbaarheid.

**So:** Handelinge 9: 36-43  
**Ma - Di:** Johannes 10: 22 - 30  
**Wo - Do:** Psalm 23  
**Vr - Sa:** Openbaring 7: 9 - 17

**BYBEL  
tyd**

**BID  
tyd**

### Dankgebed (Gebed voor ete)

Dankie vir die kos en vir die hande wat ons dien deur dit te maak. Amen.

### Oorgee-gebed

Help my om te onthou dis beter om te dien as om gedien te word. Amen.

### Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)

Mag jy vandag die lekker van diensbaarheid ervaar. Amen.

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

### Raakvat vra:

- ✦ Wat is die "groot daad" van God waarvan ons in die boek Handelinge lees?
- ✦ Tabita was 'n weduwee. Wat was die sosiale status van 'n weduwee in die samelewing van die teks?
- ✦ Hoe getuig die teksgedeelte oor Tabita se lewe?
- ✦ Waarom dink jy is die "klein" verhaal van Tabita tussen al die "groot" verhale geplaas.
- ✦ Hoe help die verhaal van Tabita ons om ons roeping te verstaan.
- ✦ Wat vertel hierdie gedeelte vir ons oor God?
- ✦ Hoe wil die Here hê moet ons die opstandingslewe in ons wêreld sigbaar maak?

**GESELS  
tyd**

Ons gesels saam oor  
ons lewe en geloof

**LEEF  
tyd**

Ons leef ons geloof  
heelweek uit

Ons leer die week om mekaar te dien. Begin by die persoon wat altyd laaste kan sê wat hy/sy wil. Hy/ sy kan nou eerste sê wat die hele gesin vir 5 minute moet speel. Die volgende dag moet die volgende gesinslid na wie daar nie so gereeld geluister word nie sê wat julle moet speel ens. totdat die een wat altyd sy/haar sin kry ook 'n beurt kan kry.

**DOEN  
tyd**

Ons oefen ons  
geloof op 'n  
praktiese manier

Dink aan die persoon wat die minste aansien het wat julle gewoonlik mee te doen kry. Bederf daardie persoon deur vir hom/haar 'n "slab" sjokolade te koop.

Sit handerom of lyfroom op 'n prominente plek in julle huis neer. Elke dag moet julle mekaar daarmee bederf deur of die persoon se hande of voete met dit in te vryf.

**LEEF  
tyd**

Ons  
spandeer  
kwaliteit-tyd